

Verslag - Charles Campher

Reklame.

Die Raad het dit goed gedink om die pamflet weer te opgradeer die jaar. Ek dink dit lyk baie mooi. Sonder Petro en Renata se bydraes tot die pamflet sou ek maar verlore gewees het.

Baie dankie julle. Ek waardeer dit regtig baie.

Baie dankie ook aan Oom Jan, Frikkie en almal wat gehelp het om foto's te stuur.

Ek dink die SA Boerperd se mooiste en beste advertensie die jaar was deur Izak Hofmeyer in die Veeplaas geplaas. Die veelsydigheid van die ras word mooi uiteengesit en die foto's was van hoe kwaliteit. Weereens baie dankie vir almal wat foto's gestuur het!

Die Landbou Weekblad advertensies is 'n ander saak. Hulle kry dit steeds nie reg om die Kaapse en SA Boerperd te onderskei nie na vele tereg wysings. Die artikel wat geplaas was, was gepas, maar hulle het eie inisiatief geneem met die foto's. Nie die artikel of foto's was afgeteken voor plasing nie. Kommunikasie vanaf die Landbou se kant was 'n probleem.

Veilings

Die Raad het dit goedgevind om weer 'n Nasionale veiling op die been te bring. Ek het met BKB en Vleissentraal gepraat en hulle was gemotiveerd om ons te help.

Na vele gesprekke met 'n paar van die lede en met die Raad is daar teen 'n Nasionale Veiling besluit.

Johan de Klerk se veiling was suksesvol en sy perde was baie mooi uitgebring en dit was voorwaar 'n prestige veiling. Baie geluk Johan en Wiida.

Baie dankie vir almal se ondersteuning en hulp tydens my eerste jaar op die Raad. Dis 'n voorreg om saam met julle te kan werk.

Dankie

Charles Campher